Julie 2012

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,


Net soos meeste van u is ek ook hartseer oor die naamsverandering van al die vernaamste strate in Pretoria, maar dit is maar die verloop van die geskiedenis. Deur die eeue heen is die name van strate en selfs stede telkemale verander. Dink maar aan St. Petersburg, in die 17de eeu gestig deur Tsaar Pieter die Grote. In die 1920's het dit Leningrad geword en toe in die 1990's weer Sint Petersburg. Het u geweet dat, toe Pretoria-Noord gestig is, al die straatname Engels was? So was daar Kitchener Street, Milner Street, Chamberlain Street en Victoria Street. Dit lyk as of daar nie genoeg belangrike mense was wat vereer moes word nie en toe kry ons maar 'n Oxford Street, Broadway Street en Commercial Street. Later is al die strate se name verander en vandag kry ons onder andere Jack Hindon-straat, Ben Viljoen-straat, Danie Theron-straat, Genl. Beyers-straat en Genl. De Wet-straat. Hoe lank dit nog so sal wees kan ons maar net wonder.

---------------------------------------------------------------------

Vyf-en-twinting jaar gelede [1987/88] het daar 'n interessante reeks in die Pretoria News verskyn. Dit het gehandel oor Pretoria gister en vandag. Lesers het 'n ou foto van Pretoria ingestuur en dan het die koerantfotograwe 'n foto op dieselfde plek gaan neem. 'n Kenner het dan oor die twee foto's geskryf. Iemand het 'n aantal jaar gelede vir my fotokopieë van 'n aantal van die artikels gestuur. Dit pas nou nie heeltemal in by die tema Pretoria voor 1900 nie maar die volgende paar maande wil ek dit tog graag met julle deel. Die kwaliteit van sommige van die foto's is nie baie goed nie en waar moontlik sal ek die ou foto's wat in die koerant verskyn het vervang met oorspronklike foto's/poskaarte uit my versameling.

**1. <u>Pretoria gister en vandag</u>** [1988-01-15]

<u>Sunnyside in die 60's</u>



Over the past year we have published pictures in this feature showing scenes in Pretoria dating [from] about a century ago. Today's picture is not quite that

old. In fact it was taken in the 1960s and shows the south-eastern corner of Esselen and Greeff Streets in Sunnyside.
At the time the site, which now houses banks, offices, shops and flats, was occupied by five houses. Around the area where this picture was taken stood many houses, but all have made way for shops, flats and offices.

This has brought a tremendous increase of traffic in Esselen Street and today the area is probably the busiest part of the city – during the day and at night when thousands call to shop at the many stores and supermarkets, or to attend movie shows at the seven cinemas within a stone's throw of one another.



[1988]

(*Pretoriana picture submitted by Tom Andrews of Douglas Street, Colbyn. Text by staff writer Daan de Beer)*

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel